# Maak 'n Afspraak

## Wat is nuut?

- **9 Julie 2024 - Hervestiging van die SARS Bellville-tak**

  SARS se Bellville tak het van die hoek van Teddington- en De Langestraat na Strandstraat 14 verskuif.

  Vir meer inligting, verwys na die Bellville-tak se webblad.

- **14 Augustus 2023 - Versterkings aan die eBooking-stelsel**

  - Jy kan nou 'n instapafspraak deur die eBooking-stelsel stelsel maak, waar dié soort afspraak voorheen slegs deur die SARS-kontaksentrum gemaak kon word.
  - Van nou af sal slegs die beskikbare tydgleuwe vertoon word, nie meer "timeslot not available"-boodskappe nie.
  - Bespreekte tydgleuwe sal outomaties gekanselleer word as stawende dokumente nie binne 24 uur opgelaai is nie, en sodoende tydgleuwe beskikbaar stel.

  Verwys na die bygewerkte gids: Book your appointment with SARS.

- **4 Augustus 2022 - SARS Pavilion-tak permanent gesluit**
  Die SARS Pavilion-tak in Pretoria is permanent gesluit, maar personeel dien steeds kliënte. Belastingpraktisyne word aangeraai om afsprake deur die gewone kanale te maak indien hulle hulp van SARS benodig (indien hulle deur die SARS-webtuiste, SARS eBooking System bespreek, moet hulle steeds die "Pavilion"-opsie kies).
- **18 Julie 2022 - Die volgende versterkings is aan die eBooking-afspraakproses gebring:**
  - Video-afsprake is as 'n kanaal vir individue vir bepaalde afspraakredes bygevoeg.
  - Met nuutste reël bygewerk: Belastingpligtiges kan enige area kies.
  - As algemene reël, kan afspraaktydgleuwe nie gekies word vir 'n datum en tyd wat verder as 60 dae, of vroeër as 48 uur vanaf die huidige datum is nie. Die 48-uurreël is aangepas om takke te help met tydsbeplanning vir die week se afsprake. Indien 'n eBooking op *'n Donderdag na 16:00 of op 'n Vrydag, Saterdag of Sondag* gemaak word, sal die stelsel die belastingpligtige slegs in staat stel om beskikbare slotte vanaf die daaropvolgende Dinsdag te kies. Publieke vakansiedae word nie ingereken met die bepaling van die 48-uurreël nie.

Let wel: Hierdie diens is slegs toeganklik indien jy vir belasting geregistreer is.

## Wat as jy reeds vir belasting geregistreer is en 'n afspraak wil maak?

Daar is drie opsies om 'n afspraak te maak indien jy wel as belastingpligtige geregistreer is:

- Skakel die SARS-kontaksentrum by 0800 00 7277 en kies opsie 0 (nul). 'n SARS-agent sal jou kontak om 'n afspraak namens jou te maak.
- Stuur 'n SMS na 47277 (iSARS) met hierdie inligting en in hierdie formaat: Booking (spasie) ID-/paspoort-/asielsoekersnommer.
  Hierdie SMS-diens is slegs beskikbaar aan belastingpligtiges/geregistreerde verteenwoordigers wat vir persoonlike inkomstebelasting (PIB) geregistreer is. Hierdie diens is nie aan belastingpraktisyne beskikbaar nie. Lees meer.
- Gaan voort met hierdie aanlynvorm en klik op die skakel onderaan hierdie blad, genaamd '*Click here to open the booking form in a new window*'.

## Tydelike opwiptakke en mobiele belastingeenhede (MTU's)

Afhangende van aanvraag, sal tydelike opwiptakke en mobiele belastingeenhede vir bepaalde datums en tydsverlope aan belastingpligtiges beskikbaar gestel word by plekke soos winkelsentrums. Hierdie tydelike opwiptakke en MTU's sal slegs voorsiening maak vir instapafsprake. Die bevestiging-SMS sal die ligging van die opwiptak of mobiele belastingeenheid aandui. Om die skedule vir mobiele eenhede te besigtig, klik hier.

## Wat jy moet weet wanneer jy 'n afspraak maak

- Dui asseblief aan of jy 'n afspraak maak as individu, maatskappy, verteenwoordiger, belastingpraktisyn of KMMO (klein-, medium- en mikro-onderneming).
- Slegs SARS-geregistreerde belastingpligtiges sal in staat wees om 'n afspraak te maak. Ongeregistreerde gebruikers sal na die eFiling-webtuiste verwys word om te registreer.
- Indien jy nie as geregistreerde individuele belastingpligtiges, verteenwoordiger of belastingpraktisyn geverifieer kan word nie, sal jy nie 'n afspraak kan maak nie.
- Maak asseblief seker dat jy alle persoonlike besonderhede vaslê, presies soos geregistreer by SARS, anders sal die stelsel nie jou besonderhede outentiseer nie.
- Nie-inwoners sal toegelaat word om 'n afspraak te maak met die gebruik van buitelandse paspoort/permitnommers. Suid-Afrikaanse burgers moet hulle ID-nommers gebruik om besprekings te maak.
- Neem asseblief kennis dat jy 'n geldige selfoonnommer en/of e-posadres aan ons sal moet verskaf.
- Datum van keuse mag nie meer as 60 dae vooruit wees nie. Die vroegste afspraak wat jy sal kan maak of ontvang, is 48 uur vanaf die huidige oomblik.
- Slegs een tydslot kan gekies word vir 'n afspraak.
- Die skedulering van aaneenlopende afsprake (blokbesprekings) word nie toegelaat nie.
- Sodra 'n afspraak bevestig is, sal jy 'n formele bevestiging ontvang per e-pos of SMS, met 'n verwysingsnommer.

- Vir video-/telefoonafsprake, op die dag van afspraak:
  - 'n SARS-agent sal jou skakel en jou met jou navraag help.

    - Ons sal poog om te verseker dat alle kliënte wat betyds is, op die tyd van die goedgekeurde afspraak te help.
    - Kliënte wat laat is, kan hul afspraak verbeur, en sal dan 'n nuwe afspraak moet maak.
- Jou afspraak sal aan 'n spesifieke agent toegeken wees en jy sal nie diens van 'n ander agent kan versoek nie, tensy 'n ander afspraak gemaak word.
- Maak asseblief seker dat jy al die stawende dokumente, wat op jou navraag van toepassing is, elektronies ingedien het voor die datum en tyd van jou afspraak - anders sal SARS jou moontlik nie kan help nie.
- Indien jy bykomende stawende dokumente moet indien, nadat jou afspraak bevestig is, kan jy die dokumente elektronies deur die SARS-aanlynnavraagstelsel indien.
- Verwys asseblief na die vereiste stawende dokumente vir jou spesifieke versoek, hier.
- Sodra 'n afspraak gemaak is, sal jy hulp ontvang met die voltooiïng van jou ITR12-inkomstebelastingopgawe deur ons gratis stem-terugskakeldiens.
- Om 'n bestaande afspraak te kanselleer, voltooi die versoekersinligting. Jou aktiewe afspraak sal op die skerm vertoon. Klik op die 'delete'-ikoon om die afspraak te kanselleer.
- Dit word aangeraai dat jy Google Chrome, Microsoft Edge, Firefox of Safari gebruik vir toegang tot die afspraakvorm, en NIE Internet Explorer nie.

Neem asseblief kennis: die eBooking-stelsel maak slegs voorsiening vir prosesse wat nog nie heeltemaal geoutomatiseer is nie. Jy moet 'n toepaslike rede vanaf die afrol-kieslys kies wanneer die afspraak gemaak word. Indien die rede vir jou afspraak nie op die afrol-kieslys voorkom nie, beteken dit dat die proses by wyse van ons elektroniese kanale (eFiling, SARS MobiApp, e@syFile™) voltooi kan word.

## Klik hier om die afspraakvorm in 'n nuwe venster oop te maak.

Om die blad in ander tale te besigtig, klik op die skakels hieronder:

- IsiZulu
- Sesotho
- Afrikaans
- Sepedi
- Xitsonga